23 FEBRUARIE 2025

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | VRAAG 4: WIE SÊ JY IS EK? | MATT. 16:13-20



## WHO IS JESUS TO YOU?


### I HAVE COME TO SEE JESUS AS THE MOST ALIVE, AND RESPONSIVE HUMAN BEING THAT HAS EVER LIVED...

- TREVOR HUDSON

# 7 WEKE | 7 VRAE

Ons sien baie uit na ons nuwe reeks wat hierdie Sondag begin. Dit gaan oor vrae wat God ons vra. Elke week kyk ons na 'n ander vraag. Ons deel graag met julle hoe die reeks lyk:

**2 Feb.** **Vraag 1 - Waar is jy?** (Gen. 3:1-13)
**9 Feb.** **Vraag 2 - Waar is jou broer/suster?** (Gen. 4:1-24)
**16 Feb.** **Vraag 3 - Wat het jy in jou hand?** (Eks. 4:1-17)
**23 Feb.** **Vraag 4 - Wie sê jy is Ek?** (Matt. 16:13-20)
**2 Mrt.** **Vraag 5 - Wil jy gesond word?** (Joh. 5:5-11)
**9 Mrt.** **Vraag 6 - Waarom huil jy?** (Joh. 20:11-18
**16 Mrt.** ***Poppekas***
**23 Mrt.** **Vraag 7 - Verstaan jy wat ek vir jou gedoen het?** (Joh. 13:1-20)





# WORSHIP-AAND

Ons hou 'n worship-aand by Toringkerk einde Februarie en wil graag almal uitnooi na dit toe, veral ons jongmense. Dit gaan 'n aand van lof en aanbidding wees waar ons geleentheid kry om die Here met 'n klomp ander gelowiges kan aanbid.

**Donderdag 27 Februarie**
**om 19:00 in die kerk.**

Nooi jou vriende en kom loof en prys en maak die Here se naam groot saam met ander jong mense wat lief is vir Jesus.

# ANNELIE VERJAAR

Annelie Koegelenberg, ons skriba wat in die kerkkantoor werk, het hierdie week verjaar! Annelie, dankie vir wie jy is en wat jy vir Toringkerk en haar lidmate beteken. Jys altyd vriendelik en behulpsaam en jy weet hoe om 'n plan te maak. Ons vier jou en ons wens jou net die mooiste toe vir die nuwe lewensjaar. Dis 'n voorreg om saam die pad te kan stap!



# ONS KORT BANKE

Ons is besig om 'n bietjie op te knap, op te ruim en ons kerkgeboue beter in te rig en ons kort 'n bank of twee en dalk 'n "wingback" stoel. Ons gaan dit gebruik in ons gesprekskamer in die ou konsistorie. Dit moet asb in redelike goeie kondisie wees en nog bruikbaar.

As jy dalk oortollige items by jou huis het en jy is lus om 'n bietjie minder te maak, ***laat weet asb vir Jana***. Ons sal dit ongelooflik baie waardeer.





# EKSTRA YSKAS WAT ROND STAAN?

Ons yskas in ons onderste kombuis het die geesgegee en ons is opsoek na 'n nuwe yskas. Ons gebruik dit daagliks om koeldrank en water koud te hou en dan veral ook met Markietie vir ekstra items. Dalk het jy 'n ekstra een wat rondstaan of een wat jy agterkom jy al hoe minder gebruik. ***Kontak asb vir Jana indien jy kan help.*** Ons sal dit so baie waardeer!

# HAM

## HUIS ARISTEA

Dis vir ons as Toringkerk-familie so groot voorreg om ook 'n pad te kan stap met die dogters van Huis Aristea by Huis Andrew Murray in Wellington.

As jy op 'n manier by hulle betrokke wil raak en wil help of net meer wil uitvind oor hierdie bediening, kontak asb vir ***Elizmari 084 998 7865***.



# LYDENSTYD BEGIN 5 MAART MET ASWOENSDAG

Lydenstyd is die tyd voor Paasfees, gewoonlik 40 dae voordat ons Jesus se kruisiging en opstanding vier. Dit begin met Aswoensdag en dis in hierdie tyd wat ons erns maak met Jesus se lyding en dood. Baie mense gee dan iets op vir hierdie 40 dae, of sit iets by in hulle daaglikse lewe. Albei hierdie praktyke van ontneem of bysit is om ons te herinner aan dit wat Jesus deur is toe Hy 40 dae in die woestyn deurgebring het en om ons te help aandagtig wees oor Sy pyn en dood vir my en jou.

***Dalk kan jy in die volgende paar weke 'n bietjie nadink oor hoe jy hierdie jaar se Lydenstyd wil spandeer; is daar iets wat jy jouself van wil ontneem of wil byvoeg om met bewustheid ook in hierdie tyd te leef?***







# WERELD BIDDAG VIR VROUE

Die Wêreldbiddag is 'n wêreldwye, ekumeniese beweging van Christenvroue, -mans en kinders, wat jaarliks bymekaarkom om 'n besondere dag van gebed te vier. Regoor die wêreld (in 176 lande en streke) word dieselfde tema, met dieselfde formaat vir die diens, gebruik. Op hierdie manier word die goue draad van ons Verlossing deur Jesus Christus bevestig, ongeag waar in die wêreld ons woon of watter taal ons praat. Dit vind op die eerste Vrydag van **Maart (7de)** plaas en ons gee geleentheid vir enigeen om **tussen 12:00-14:00 in die kerk te kom stilword rondom die liturgie van hierdie jaar se tema.**

# KAN JY HELP?

Ons benodig nog 'n paar mense om ons te help met ons koffie-bediening op 'n Sondagoggend. Dit behels dat jy so 45 minute voor die diens begin by die kerk sal wees om koffie te maak vir almal wat kerk bywoon daardie oggend. Ons sal jou alles wys en leer wat jy moet weet. Dit werk op rotasie-basis en die span maak beurte so dis nie elke Sondag nie en jy kan uitruil soos dit jou pas.

***As jy wil betrokke raak kontak asb vir Jaco Voges by 084 534 1468.***



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

# Dagboek DIE DATUM



**26** JAN

MATRIEKDIENS
09:00



**05** MRT

ASWOENSDAG
18:30




**16** MRT

POPPEKAS
09:00



**20** MRT

TK HOEKSTEEN
150 Jaar

Hou die afkondigings en sosiale media dop vir meer inligting.

**KOM TUIS. ONS IS SAAM OPREIS.**

Kantoor nr.: 021 872 6730 | Epos: info@toringkerk.co.za

HJS MUSIEKDEPARTEMENT
BIED AAN:

# 'n Klassieke *skemerkelkie*

## Met optredes deur:

David Marsden, Wayne Müller,
Martin vd Hout, Marian Steyl,
Lianne van Renssen, HJS Cantare

&

## *Winand Grundling*



23 Feb 2025 | 15:30 pm
HJS Skoolsaal,
Auretstraat, Paarl

Kaartjies beskikbaar by
webtickets

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

23 Feb Kok Alderson
23 Feb Antoinette Engelbrecht
23 Feb Luke Lawrence
23 Feb Nico Lesch
24 Feb Jolene Booyse
24 Feb Elsa Maritz
24 Feb Albertus Smit
24 Feb Piet Walters
25 Feb Yvette Alberts
25 Feb Francois Du Preez
25 Feb Elza Gouws
25 Feb Jason Hendricks
25 Feb Rico Koopman
25 Feb Jana Pienaar
25 Feb Izak van der Vyver
26 Feb Jan-Hendrk Hanekom
26 Feb Mea Havenga
26 Feb Philip Lange
27 Feb Wikus Delport
27 Feb Franco Havenga
27 Feb Philip Jacobs
27 Feb Jacques Louw
27 Feb Zieg Verwey
28 Feb Morné Basson
28 Feb Thea Carstens
28 Feb Piet Muller
28 Feb Synthia Nieuwendyk
28 Feb Janetta Smit
29 Feb Lizet Kriegler
1 Mrt Theron Cornelissen
1 Mrt Marietjie Mostert

# KINDERS & JEUG

## KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.6)

Kinderkleingroepe begin hierdie Sondag weer. Ons reis saam na waar Jesus en sy ouers vlug.

## KRUISCONNECT (GR. 7-10)

KruisConnect gaan voort hierdie Sondag. Van na die diens tot 11:00.

## TIENERKERK (GR. 7-12)

Daar is Tienerkerk Donderdag 27 Februarie in die kerk om 19:00.

# DEURKOLLEKTE

## SINODALE DEURKOLLEKTE: INSTITUUT VIR DOWES

Die Nasionale Instituut vir Dowes (NID) is in 1881 deur die kerk tot stand gebring om vir Dowes taal te gee, sodat hulle ook die boodskap van Jesus Christus kon ontvang. Die visie van NID is die holistiese ontwikkeling van die volle potensiaal van persone met gehoorverlies in Suid-Afrika deur noodsaaklike kwaliteit-dienste aan hulle te lewer. NID se sorg, opleiding en steundienste sluit die volgende in: Bied volhoubare sorg, ontwikkelings- en opleidingsprogramme aan volwasse meervoudig-gestremde Dowes en Dowe persone met spesiale behoeftes, in beskermde werkswinkels, residensieel en binne die Dowe gemeenskap. Versorging van Dowe bejaardes in 'n doof-vriendelike omgewing in die bejaardesorg-afdeling, Shalom. NID Opleiding bied geakkrediteerde beroepsopleiding aan Dowe studente in 'n variasie van opleidingsprogramme. Geïntegreerde Steundienste bied multi-dissiplinêre steundienste aan persone met gehoorverlies bv. tolkdienste, opleiding, beskikbaarstel en verbesondering van inligting, sowel as maatskaplike en terapeutiese ondersteuning. De la Bat- gemeente (Bellville) en Dowe Familie Kerk (Worcester) voorsien geestelike versorging aan die Dowe gemeenskap in Bellville, Worcester en omliggende areas waarmee NID help.

# KALENDERBORG FEBRUARIE

## AM TRUST


AM TRUST
African Mutual Trust Company
1949/900302/07

Tel: 021 860 1500
trust@amtc.co.za
wills@amtc.co.za

*Bereddering van bestorwe boedels*
*Opstel van testamente*
*Administrasie van trusts*
*Boedelbeplanning*

*Administration of deceased estates*
*Drafting of wills*
*Administration of trusts*
*Estate planning*

# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### AFLOSKOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### PROJEKKOöRDINEERDER

Sumien Symington | 083 585 6570 | projek@toringkerk.co.za

### TORINGKERK INLIGTING

Gebruik die QR kode hieronder om deel te raak van die Toringkerk Whatsapp gemeenskap en om die afkondigings op jou foon te kry.



# OFFERGAWES

## OFFERGAWES,MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

TORINGKERK ZAPPER

# TK WHATSAPP

## TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN BLY IN KONTAK METJOU TORINGKERK GEMEENSKAP VIA WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GROEP

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.